

GEESTELIKE WELSYN AS DIMENSIE VAN 'N
GEBALANSEERDE LEWE:
'N PERSOONLIKE EN PROFESSIONELE
LEIERSKAPSPERSPEKTIEF

deur

Jakob Johan Poggenpoel

NAVORSINGSESSAY

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

MAGISTER PHILOSOPHIAE

in

PERSOONLIKE EN PROFESSIONELE LEIERSKAP

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE EN VERPLEEGKUNDE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

Studieleier: Prof. D.P.J. Smith

Oktober 1999

DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan:

- My Hemelse Vader vir gesondheid en lewenskrag om die studie te voltooi. Hom kom al die eer toe!
- Prof D.P.J. Smith, my studieleier, vir sy aanmoediging, menslike begrip en bekwame leiding.
- Dr. E.S.G. Greyling, vir besonder professionele taalversorging en hulpvaardigheid.
- My vrou Charmaine en my twee dogters vir hulle begrip en ondersteuning.



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

INHOUDSOPGAWE

		BI
	SUMMARY	I
1.	ORIENTERING EN NAVORSINGSONTWERP	1
1.1	KONTEKSSTELLING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	3
1.3	DOEL MET DIE STUDIE	6
1.4	MOTIVERING VIR NAVORSING	6
1.5	METODOLOGIESE VERANTWOORDING	7
1.5.1	Navorsingstrategie	7
1.5.2	Navorsingsmetode	8
1.5.2.1	Literatuurondersoek	8
1.5.2.2	Woord-en konsepanalise	9
1.6	PARADIGMATIESE UITGANGSPUNTE	10
1.6.1	Antropologiese en religieuse vooronderstellings	10
1.6.2	Teoretiese vooronderstelling	10
1.7	VERDERE VERLOOP VAN STUDIE	11
2.	DIE GEESTELIKE DIMENSIE IN DIE KONTEKS VAN PERSOONLIKE EN PROFESSIONELE LEIERSKAP	13
2.1	INLEIDING	13
2.2	WAT WORD ONDER DIE GEESTELIKE DIMENSIE VERSTAAN?	14

2.2.1	Woordanalise van die konsep geestelike dimensie	14
2.2.2	Konsepanalise van die geestelike dimensie	15
2.2.3	Die geestelike dimensie in perspektief	19
2.2.4	Die verskil tussen die geestelike dimensie en ander lewensdimensies	21
2.2.5	Die verskil tussen 'n geestelike en fisieke mens	24
2.3	DIE WARE INNERLIKE SELF	26
2.3.1	Sin as komponent van die geestelike dimensie	28
2.3.2	Waardes en beginsels as komponente van die geestelike dimensie	29
2.3.2.1	Persoonlike waardes	29
2.3.2.2	Beginsels	30
2.3.3	Missie- georiënteerde doelwitte	31
2.3.3.1	Die mens se lewensmissie	32
2.3.3.2	Die mens se hoër missie	32
2.4	WILSVRYHEID	33
2.5	DIE GEESTELIKE DIMENSIE AS KONTAKPUNT MET DIE GODHEID AS BRON VAN KRAG EN INSPRAAK	35
2.6	BEVINDINGE	36
3.	DIE BELANGRIKHEID VAN EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEESTELIKE DIMENSIE	38
3.1	INLEIDING	38
3.2	DIE BELANGRIKHEID VAN DIE GEESTELIKE DIMENSIE	39

3.2.1	Die belangrikheid van sin as deel van die innerlike self	39
3.2.1.1	Waardes	40
3.2.1.2	Die belang van lewensmissie en selfverwesenlikingsmissie vir sin en lewensgeluk	41
3.2.2	Die belangrikheid van goddelike krag en inspraak	44
3.3	DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEESTELIKE DIMENSIE	45
3.3.1	Koop die tyd uit vir die ontwikkeling van die geestelike dimensie	45
3.3.2	Die krag van stilte	47
3.4	BEVINDINGE	50
4.	DIE INTEGRASIE VAN DIE NAVORSING	53
4.1	SAMEVATTING	53
4.1.1	Navorsingsprobleem en doelstelling	53
4.1.2	Metodologie	53
4.1.3	Oorsig van die studie	54
4.2	BEVINDINGE	55
4.2.1	Wat met die geestelike dimensie bedoel word	55
4.2.2	Die belangrikheid van die geestelike dimensie	57
4.2.3	Riglyne om die geestelike dimensie te ontwikkel	58
4.2.4	Samevatting	59
4.3	SLOT	60

BIBLIOGRAFIE 61

Lys van figure:

1.1 Die vier kwadrante van tydsbenutting 45



SUMMARY

The research problem that was investigated in this study was to obtain more clarity on and insight into the spiritual dimension of a person. Clearly, the importance of the spiritual dimension for a balanced life-style is not always realized and even neglected. Few people know how to develop this dimension.

In view of the statement of the problem the specific aims of the study were:

- to analyse the conceptual meaning of the spiritual dimension of a person;
- to establish the importance of the spiritual dimension for a balanced life-style; and
- to propose guidelines for the development of the spiritual dimension of a person.

A nomothetical research strategy was used. Universal qualities of the spiritual dimension were described. Furthermore, a descriptive strategy was incorporated to enhance understanding, insight and knowledge of the spiritual dimension. A hermeneutic strategy was also used, as can be seen in the in-depth analysis of the concept: the spiritual dimension.


Systematic study was done of existing literature based on the spiritual dimension of man. Throughout the research, different theories and opinions concerning this topic were examined. The concept “spiritual dimension” was further illuminated by means of a word and concept analysis as to what the spiritual dimension truly entails.

It was found that the spiritual dimension is in fact a life-giving dimension, that can be divided into three main components:

- the inner self;
- freedom of the will; and
- man's religious ties.

The true inner self is discovered in the spiritual dimension. This immortal dimension is in fact what man is. It encompasses man's true personality and is also the area where personal growth and maturing take place. The following components were identified:

- the need to find meaning;
- values and principles;
- personal mission; and
- higher mission: to serve the world and other people – to leave behind a legacy.



Man makes choices based on his/her freedom of will and responsibility as can be found in the spiritual dimension.

Finally, the focus is on man's religious ties as a component of the spiritual dimension. It is from and within the spiritual dimension that man can relate to a higher divine authority. It is here where man's God communicates with him/her that inner strength can be experienced.

The spiritual dimension is thus important for a balanced life-style. It was found that man can experience inner fulfillment by finding meaning in life. Living

according to man's principles as well as striving for his/her personal and higher mission can thus find help man to meaning.

The importance of the spiritual dimension can further be seen in human being's relationship with their God. They receive inner strength and direction from their God.

Man should make time to develop his/her spiritual dimension, to read inspirational literature, to pray and meditate and to regularly make a recommitment to his/her values and principles.

To be knowledgeable about the spiritual dimension, to realize its importance and to know how to develop it, can contribute to man paying more attention to it.



HOOFSTUK 1

ORIËNTERING EN NAVORSINGSONTWERP

1.1 KONTEKSSTELLING

Balans is noodsaaklik vir ware lewensvervulling (Spears, 1998: 223-226). 'n Gebalanseerde lewe verwys onder andere na 'n balans tussen die fisieke, verstandelike, sosiale, emosionele en geestelike dimensies van die mens se lewe (Covey, 1992:301). Elkeen van hierdie dimensies behoort voldoende aandag te geniet, ten einde optimaal te ontwikkel. Lad en Luecchauer (in Spears, 1998:66) beklemtoon die belangrikheid van 'n balans tussen die verstand, die liggaam en gees. 'n Gebrek aan een van hierdie dimensies lei tot onvervuldheid.

Die geestelike dimensie vorm deel van die lewensbalans wat ontwikkel behoort te word. Volgens Frankl (in Meyer, Moore, Viljoen, 1988:448) is dit die belangrikste aspek van menswees. Die geestelike dimensie verwys na die onstofflike element in die mens, die hart van die mens, wat hom/haar 'n denkende, voelende en willende wese maak (Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booysen, 1965:191). Deur klem te lê op die geestelike dimensie sal die mens die volgende ontdek:

- Die mens se innerlike "ek", sy diepste persoonlike identiteit (Firman & Gila, 1997:27).
- Dit wat die mens se lewe sinvol maak, sy waardes, wie hy/sy werklik is en waar sy/haar innerlike krag lê (Covey 1994:45).

- Die mens se wilsvryheid, die vermoë om eie keuses in die lewe te maak (De Villiers, 1997: 63).
- ‘n Lewensmissie. De Villiers (1997:164) verwys daarna dat die mens sy/haar missie in die geestelike dimensie ontdek. Die mens moet dan fokus op sy/haar missie, op die take wat hy/sy vervul.

Deel van die proses om ‘n gebalanseerde lewe te lei, is om persoonlike leierskap oor die lewe uit te oefen. Die geestelike dimensie sal dus in die konteks van persoonlike leierskap bespreek word. Meyer (1993: Introduction:2) vertolk persoonlike leierskap soos volg: *“Personal leadership ... is your self-confident ability to crystallize your thinking so that you are able to establish an exact direction for your own life, to commit yourself to moving in that direction and then to take determined action, accomplish, or become whatever that goal demands”*.



Hieruit kan afgelei word dat persoonlike leierskap handel oor:

- die ontdekking van die innerlike self, wie die ware subjektiewe “ek” is;
- waar die mens huidig met hom/haarself staan;
- die ontdekking van die mens se ware noord waardes;
- dit wat die lewe sinvol maak; en
- wat die mens se missie en doelwitte is.

In persoonlike leierskap het die mens die vryheid van wil om keuses te kan uitoefen oor waarheen hy/sy op pad is. Daar word verder klem gelê op interne krag om voorafbepaalde doelwitte te bereik. Dit handel oor die bereiking van die mens se potensiaal. Volgens Covey (1994:42) verloop die

proses, om persoonlike leiding oor eie lewe te neem, van “binne na buite”. Die mens begin dus in die kern van sy/haar lewe verander.

‘n Vergelyking van omskrywings van persoonlike leierskap en van die geestelike dimensie, toon duidelike ooreenkomste. Daar kan afgelei word dat die wese van die mens in sy/haar geestelike dimensie geleë is. Dit is waar sy/haar ware “ek” gegrond is. Die neem van persoonlike leiding oor die mens se lewe begin by die ontdekking van die geestelike dimensie. Dit sal aanleiding gee tot ‘n gebalanseerde lewe.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die gees van die mens is in ‘n groot mate ‘n misterie. Daarom is daar verskeie begrippe en vertolkings van die gees van die mens (Spears, 1998:195). Die Sielkunde en Teologie verskil byvoorbeeld oor die vertolking van die gees. Verskillende godsdienste huldig ook verskillende persepsies van die geestelike dimensie. Wanneer die rol van die geestelike dimensie in persoonlike leierskap ter sprake kom, is daar verskeie uitgangspunte. Dit lei tot verwarring mee oor wat presies die geestelike dimensie in persoonlike leierskap behels.

Die geestelike dimensie word dikwels slegs met die beoefening van godsdiens en godsdienswaardes verbind (English, 1997:87). Dit beklemtoon die wanbegrip wat oor die geestelike dimensie bestaan. Mense se begrip van die geestelike dimensie word beperk deur die siening dat die geestelike aspek van menswees slegs tot die uitleef van godsdiens beperk is.

Die lewe word gekenmerk deur reëls wat vir die mens gestel word van hoe hy/sy behoort te lewe. Daarom word die mens van buite af in sekere rigtings voort gedryf (Dyer: 1981:315 & Dyer, 1992:67). As gevolg hiervan kom die mens nie in harmonie met sy/haar innerlike self nie. Die ware “ek” wat in die mens opgesluit is, wat sy/haar eie unieke waardes, sin en etiek weerspieël, word onderdruk. Daar is ‘n skeiding tussen die werklikheid en die ideale lewe wat tot sinvolheid lei. Covey (1994:51) is van mening dat elke mens dit wat sy/haar lewe ware vervulling sal gee, behoort te ontdek.

In aansluiting hierby verwys Frankl (1969:20) daarna dat die hedendaagse mens verskul van die mens van gister; hy/sy wil nie langer deur tradisie voorgeskryf word nie. Dit lei tot ‘n probleemsituasie. Die mens beland in ‘n web waar hy/sy nie langer weet wat hy/sy wil doen nie, en aan die anderkant ook nie meer weet wat gedoen kan word nie. Sy/haar lewe word dan nie deur eie waardes, ideale en begeertes voortgedryf nie. Die ervaring van sinloosheid word sodoende beleef.

Alle mense kom voor uitdagings te staan, geleenthede wanneer spanning beleef, siekte oorkom of probleme opgelos moet word. Ten einde lewensuitdagings te oorkom, is innerlike wilskrag nodig. Sonder wilskrag wat die mens dryf om bo uit die kom, probleme te oorwin of siekte te oorkom, kry lewensituasies hom/haar onder. Renna (1996:22/23) is van mening dat die mens nodig het om hierdie wilskrag, sy/haar innerlike krag wat in sy/haar geestelike dimensie geleë is, te ontwikkel, ten einde suksesvol te wees.

Aangesien die fisieke dimensie, die sigbare en tasbare elemente van die mens, deur sy/haar vyf sintuie beleef en ervaar kan word, domineer dit in baie gevalle sy/haar geestelike dimensie (Dyer, 1992:57/58). Mense bou slegs hulle lewens om die sienbare en ervaarbare realiteit. Dikwels word dan nie gelet op die wyses waarop die geestelike dimensie van die mens ervaar kan word nie.

Om in die geestelike dimensie te belê, neem tyd in beslag. Mense bestee egter nie tyd daaraan nie, omdat dit nie deurentyd as van genoeg samebalang geag word nie (Covey, 1992:294). Wanneer daar nie genoeg tyd aan byvoorbeeld gebed of meditasie bestee word nie, kom die mens nie in kontak met die bron wat innerlike energie voortbring nie.

Uit bogenoemde blyk dit dat die geestelike dimensie 'n noodsaaklike onderdeel of komponent van 'n gebalanseerde lewe vorm. Dit blyk ook dat daar nie altyd duidelikheid en insig bestaan oor wat die geestelike dimensie behels nie. Die waarde en belangrikheid van die geestelike dimensie vir 'n gebalanseerde lewe word nie deurentyd besef nie en die mens weet nie altyd hoe om dit te ontwikkel nie.

Teen die agtergrond van voorgenoemde tekortkoming sal die volgende navorsingsvrae in die studie behandel word:

- Wat word met die geestelike dimensie van menswees bedoel?
- Waarom is die geestelike dimensie vir die mens belangrik?
- Wat behoort gedoen te word om die geestelike dimensie te ontwikkel?

1.3 DOEL MET DIE STUDIE

In die lig van bogenoemde probleemstelling is die oorkoepelende doel van hierdie studie om 'n duidelike begrip te vorm oor wat met die geestelike dimensie van menswees bedoel word, die belangrikheid daarvan vir 'n gebalanseerde lewe en persoonlike leierskap uit te lig, asook om riglyne te bepaal waarvolgens die geestelike dimensie ontwikkel kan word.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, word die volgende spesifieke doelwitte gestel, naamlik om:

- vas te stel wat met die geestelike dimensie van menswees bedoel word;
- die belangrikheid van die geestelike dimensie vir 'n gebalanseerde lewe te ondersoek; en
- riglyne te ontwerp vir die ontwikkeling van die geestelike dimensie in die mens.



1.4 MOTIVERING VIR NAVORSING

Indien dit waar is dat die geestelike dimensie 'n wesentlike komponent van gebalanseerde menswees vorm, volg dit logies dat dié eienskap ontwikkel behoort te word. Mense het dikwels nie kennis van wat die geestelike dimensie presies behels nie, besef nie die belangrikheid daarvan nie en weet nie hoe om daarin te belê nie.

'n Belangrike oogmerk van die studie is dus om te poog om duidelikheid oor die geestelike dimensie te probeer verskaf. Volgens De Villiers (1997:21) bestaan daar opnuut belangstelling om vas te stel wat die geestelike aspekte van die lewe behels. Hierdie studie sal in hierdie verband 'n bydrae kan lewer.

‘n Verdere beweegrede vir die studie is om die belangrikheid van die geestelike dimensie vir ‘n gebalanseerde lewenswyse uit te lig en om riglyne te ontwerp vir die ontwikkeling daarvan. Sodoende kan doelgerig geleef word, volgens elke mens se innerlike waardes, en kan hy/sy sinvolheid beleef.

1.5 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.5.1 Navorsingstrategie

Die studie is nomoteties van aard in dié sin dat gestrewe word na kennis van ‘n meer verteenwoordigende en universele aard (Smith, 1993:30). Daar sal dus gepoog word om die universele kenmerke van die geestelike dimensie volledig te omskryf.

‘n Beskrywende navorsingstrategie sal verder gebruik word, ten einde ‘n sistematiese, feitelike en akkurate beskrywing van die eienskappe van ‘n populasie of belangstellingsveld te beskryf. Sodoende kan goeie begrip, insig en kennis van die geestelike dimensie van menswees gevorm word (Smith, 1993:35).

Die studie word ook gekenmerk deur ‘n hermeneutiese benadering, deurdat ‘n indiepte analise van die konsep geestelike dimensie gedoen word, met die oog daarop om ‘n goeie begrip daarvan te ontwikkel (Smith, 1993:35). Daar word dus gepoog om goei begrip van die geestelike dimensie van menswees vanuit ‘n persoonlike en professionele leierskapspektief te verkry.

1.5.2 Navorsingsmetodes

1.5.2.1 Literatuurondersoek

‘n Deeglike literatuurstudie is noodsaaklik ten einde enige navorsing te onderneem. Smith (1993:47) definieer die konsep literatuurondersoek as ‘n skerp, noukeurige en sistematiese bestudering van en korrek geordende aantekeninge oor bestaande literatuur aangaande een of ander probleemstelling.

Volgens De Wet, De K Monteith, Steyn en Venter (1981:41) is die doel met ‘n literatuurstudie:

- om perspektief te kry op die mees resente navorsingsbevindinge rakende die betrokke onderwerp;
- om ‘n aanduiding te kry van die mees gewese metode, meetinstrumente en statistiek wat gebruik kan word;
- om eie navorsingsresultate so deeglik moontlik te kan interpreteer; en
- om te poog om die aktualiteit van navorsing oor ‘n beoogde onderwerp te peil.

In hierdie studie word daarna gestreef om op noukeurige en sistematiese wyse ‘n literatuurstudie oor die geestelike dimensie van die mens te onderneem. Bestaande teorieë en verskillende beskouinge oor die geestelike dimensie word ondersoek.

Rekenaardatasisteme, onder andere die van ERICS en die RAU-Katalogus is as hulpmiddele ten opsigte van die selektering van literatuur aangewend.

1.5.2.2 Woord- en konsepanalise

Met woordanalise word bedoel dat 'n bepaalde woord in 'n stelling of titel ondersoek en verhelder word (Smith, 1993: 42). Aan die begin van hoofstuk twee word 'n deeglike woordanalise van die geestelike dimensie gedoen. Ander konsepte soos persoonlike en professionele leierskap, balans en religie word ook geanaliseer. Daar sal van woordeboek-omskrywings gebruik gemaak word terwyl die oorspronklike betekenis van “geestelike” in die grondtale nageslaan sal word. Carney (1972:84) verwys daarna dat 'n woord verskeie betekenis-nuanses het binne die konteks waarin dit gebruik word.

Daar word ook van 'n konsepanalise as navorsingsmetode gebruik gemaak. Met behulp van 'n konsepanalise, word verskillende beskouinge oor 'n konsep nagevors (Smith, 1993:43). Sodoende word 'n breë bedoeling en betekenis bepaal, ten einde 'n helder begrip te kan vorm van die vraag: “Wat is die geestelike dimensie?”

1.5.2.3 Probleemdefiniëring as metode

Dit is belangrik om probleme wat navorsingswaardig is, te identifiseer. Sodanige probleme behoort ondersoek te kan word met behulp van 'n sistematiese versameling en analise van gegewens. Probleemdefiniëring lê 'n vaste basis vir 'n ondersoek (Landman, 1980:45).

Aan die begin van die studie is 'n probleemdefiniëring gestel. Daar is vanuit verskeie algemene probleme aangaande die geestelike dimensie (soos aan

die begin van Hoofstuk 1 uiteengesit), 'n afgebakende navorsingsprobleem geïdentifiseer, wat die rigting vir die verdere verloop van die studie aandui.

1.6 PARADIGMATIESE UITGANGSPUNTE

1.6.1 Antropologiese en religieuse vooronderstellings

Vanuit die studieveld van persoonlike en professionele leierskap word erken dat elke mens 'n religieuse wese is. Elke mens het dus 'n bron van sentrale lewendryfkrag of rigtinggewende krag wat in sy/haar hart (gees) gesetel is. Die oorsprong van hierdie krag kan apostaties (weg van 'n godheid gerig op iets uit die kosmos) of anastaties (op 'n godheid gerig) wees. Dit is dan ook elke persoon se keuse om te bepaal of die bron van krag teosentries of humanisties aangewend word (Helminiak, 1996:33/34).

Volgens Smith (1990:2) is twee grondmotiewe op die psigiese vlak van die mens werksaam. Die een motief is gerig op die bevestiging van sigself, terwyl die ander handel oor 'n verbintenis en soeke na eenheid met iets of iemand anders. Dit kan insluit verbondenheid met iemand, iets of met die transendente.

1.6.2 Teoretiese vooronderstelling

Persoonlike en professionele leierskap berus daarop dat die mens sy/haar denke, paradigma en ingesteldheid oor die lewe kan verander. Covey (1994:42/43) meld in hierdie verband dat elke mens aan hom/haarself behoort te werk. Groei en ontwikkeling behoort dus vanuit hom/haarself plaas te vind, sy/haar karakter motiewe en paradigma behoort sodoende te verander. Daar behoort verder ook gestrewe te word na 'n positiewe

verhouding tot die medemens. Die mens is geskep met 'n wil om te groei en om iets te wees/word. Gebalanseerde lewe is onontbeerlik vir groei. Wanneer daar aan elke dimensie van die mens gewerk word, sal gebalanseerdheid beleef word.

In persoonlike leierskap word aanvaar dat die mens uit liggaam, gees en siel bestaan en word dit as faktisiteit beskou. Cronjé (1969:24) sluit hierby aan deur daarop te wys dat alles wat die mens is feitelik van aard is. Die belewenis van die menslike “gees” is dus net so 'n realiteit as die gewig van die menslike “liggaam”.

1.7 VERDERE VERLOOP VAN STUDIE

In hierdie hoofstuk is die agtergrond van die probleem van die studie kortliks geskets. Ook die probleemstelling, doel met die ondersoek en motivering is kortliks uiteengesit.

Hoofstuk 2 handel oor wat met die geestelike dimensie van menswees bedoel word sodat 'n goeie begrip oor die konsep gevorm kan word. Die elemente van die geestelike dimensie sal geïdentifiseer en beskryf word. Sodoende kan vasgestel waaruit die geestelike dimensie waargeneem kan word.

In hoofstuk 3 sal die belangrikheid van die geestelike dimensie vir 'n gebalanseerde lewe aandag geniet. Metodes vir die ontwikkeling van die geestelike dimensie sal bespreek word.

Ten slotte sal hoofstuk vier gewy word aan die samevatting, bevindinge en gevolgtrekkings van die navorsing.



HOOFSTUK 2

DIE GEESTELIKE DIMENSIE IN DIE KONTEKS VAN PERSOONLIKE EN PROFESSIONELE LEIERSKAP

2.1 INLEIDING

Op die gebied van die Sielkunde was Victor Frankl een van die voorlopers om sy vakgenote se aandag te vestig op die geestelike vermoëns van die mens wat hom/haar in staat stel om die betekenis van die lewe raak te sien. Die bewustheid van die belangrikheid van die geestelike dimensie is deels te danke aan die logo-terapie wat deur Frankl ontwikkel is, naamlik dat die geestelike vermoëns deel van menswees vorm, maar ook 'n afsonderlike dimensie van die mens is en dat dit van die fisiese en psigiese dimensie van die mens geskei behoort te word (De Villiers, 1997:33). As gevolg van die toenemende bewustheid van 'n geestelike dimensie is dit nodig om te bepaal presies wat die geestelike dimensie in die konteks van die vakgebied van persoonlike en professionele leierskap behels.

In hoofstuk 1 (vergelyk paragraaf 1.1) is aangetoon dat persoonlike leierskap handel oor:

- die ontdekking van die innerlike self, wie die ware subjektiewe “ek” is;
- waar die mens huidig met hom/haarself staan;
- die ontdekking van die mens se ware noord waardes;
- dit wat die lewe sinvol maak; en
- wat die mens se missie en doelwitte is.

In persoonlike leierskap het die mens die vryheid van wil om keuses te kan uitoefen oor waarheen hy/sy op pad is. Daar word verder klem gelê op interne krag om voorafbepaalde doelwitte te bereik. Dit handel oor die bereiking van die mens se potensiaal. Volgens Covey (1994:42) verloop die proses, om persoonlike leiding oor eie lewe te neem, van “binne na buite”. Die mens begin dus in die kern van sy/haar lewe verander.

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om te bepaal wat die geestelike dimensie van die mens behels in die konteks van persoonlike en professionele leierskap, en uit watter komponente dit bestaan.

2.2 WAT WORD ONDER DIE GEESTELIKE DIMENSIE VERSTAAN?

2.2.1 Woordanalise van die konsep geestelike dimensie

Die begrip van die menslike gees kom op lewe neer. Die konsep “gees” is van die Latynse woord *spiritus* of *spirare* afgelei wat beteken “om te lewe, om lewe te gee” (Secretan, 1997:28). Dit impliseer dat die mens sonder sy gees nie ‘n lewende wese kan wees nie.

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booysen, 1965:191) verduidelik die konsep “gees” soos volg: “Dit is die lewegewende beginsel in die mens; onstofflike element in die mens wat hom/haar ‘n denkende, voelende, willende wese maak.” Die ware lewe van die mens is dus hierin opgesluit.

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Krizinger, Labuschagne & Pienaar, 1965:202) beskou die gees van die mens soos volg: “Onstoflike deel van die mens; die lewegewende beginsels; die lewendige vernuf; geesdrif, vuur; gesindheid, aard, karakter, neigings; aandrywende besielende krag.” Dit handel hier oor die onsigbare komponente van die mens wat van hom/haar ‘n lewende wese maak, met beginsels, ywer en krag.

Vir die doel van hierdie studie verwys die konsep “gees” dus na die ware lewe wat in die mens opgesluit lê.

2.2.2 Konsepanalise van die geestelike dimensie

Met konsepanalise word bedoel dat verskillende beskouinge oor die geestelike dimensie nagevors word. Daardeur word ‘n breë bedoeling en betekenis vasgestel, ten einde ‘n helder begrip van ‘n konsep te kan vorm (Smith, 1993:43).



Die rasionaal vir die aanwending van die volgende beskouinge, is dat hulle volgens die literatuurstudie verskillende perspektiewe van die geestelike dimensie beklemtoon, onder andere komponente soos die geestelike vermoëns om

- die innerlike self te ontdek;
- sin te kan soek en ervaar;
- waardes en beginsels te kan identifiseer;
- taak, doelwitte en visie te ontdek;
- ander en die wêreld te dien;
- wilsvryheid en verantwoordelikheid te demonstreer;

- die mens se God te beleef en krag te ontvang.

➤ Frankl: Die mens as kiesende en sinsoekende wese

In Frankl se talryke en breedvoerige omskrywings van die geestelike dimensie kom 'n verskeidenheid kenmerke daarvan na vore, waarvan die belangrikste kortliks hier verduidelik word.

Frankl (1969:17/18) verwys na die geestelike dimensie as die “noölogiese dimensie” van die mens. In sy siening oor die gees van die mens verbind hy die betekenis daarvan met die menslikheid van die mens as wese en die sin daarvan om mens te wees. Verder verwys Frankl (1969:17/18) daarna dat die “noölogiese dimensie” ‘n refleksie op die mens self is, dat die mens dus deur selfondersoek sy/haar lewenstaak wat tot sinvolheid lei, behoort te ontdek (Frankl, 1969:17/18). Die geestelike dimensie is dus die persoonskern of persoonsgrond. Dit is die dimensie waarvolgens die mens werklik mens is, naamlik geesteswese, waardewese en sinsoekende wese; die dimensie waar selfontwikkeling plaasvind en persoonlikheid gevorm word (Meyer, et al., 1988:449).

Die wilsvryheid van die mens vorm deel van die geestelike dimensie en gee hom/haar die vermoë om keuses uit te oefen, as ook om ten spyte van omstandighede volgens sy/haar hoogste waardes te leef. Hy/sy hoef nie deur faktore van buite voorgeskryf te word nie. Vanuit sy/haar geestelike dimensie kan hy/sy doelstellings en waardes identifiseer en daarvolgens gerig word (Meyer, et al., 1988:449).

Verantwoordelikeidsin vorm deel van die geestelike dimensie. Die mens moet self vir die keuses wat hy/sy uitoefen, verantwoordelikheid neem (Meyer, et al., 1988:449).

Humberger (1995:26) ondersteun Frankl se beskouing van die geestelike dimensie. Die geestelike krag wat in die mens se geestelike dimensie gestalte vind, is na buite en opwaarts gerig, om in selftransendensie, die wêreld te dien.

Bogenoemde in ag genome word die volgende aspekte van die geestelike dimensie beklemtoon. Dit behels naamlik:

- die persoonskern van die innerlike self;
- die behoefte om sin te beleef en sy lewenstake wat tot sinvolheid sal lei, in die geestelike dimensie te ontdek;
- die setel van die innerlike waardes van die mens;
- die vorming van die mens se persoonlikheid;
- die wilsvryheid van die menslike wese;
- die verantwoordelikheid om keuses uit te oefen; en
- die krag om te dien.

➤ Covey: Die mens se nalatenskap

Covey (1992:292) lê sterk klem op die belangrikheid van die geestelike dimensie wat in die kern van die mens gesetel is. Die belangrikheid van 'n nalatenskap word ook beklemtoon: "The spiritual dimension is your core, your center, your commitment to your value system. It's a very private area of life... It draws upon the sources that inspire and uplift you

and tie you to the timeless truths of all humanity” “The need to leave (behind) a legacy is our spiritual need to have a sense of meaning, purpose, personal congruence and contribution” (Covey, 1994:45).

Die volgende aspekte van die voorafgaande omskrywing van die geestelike dimensie word vir die doel van hierdie studie beklemtoon:

- Die geestelike dimensie is die kern van die mens.
- Dit vorm die area waarvan die mens krag kry en geïnspireer word.
- Dit vorm die area waar die mens ontdek wat sin aan die lewe gee en wat sy/haar doel en persoonlike bydrae tot die lewe (sy/haar nalatenskap) is.

➤ Helminiak: Die innerlike self

Helminiak (1996:28) beklemtoon die bewuswording van die mens se innerlike self. “The distinctively human dimension of the mind, determined by self-awareness and experienced as a spontaneous question, marvel, wonder, a dynamism open to all there is to be known and loved. More precisely, spirit expresses itself as (1) conscious awareness; (2) intelligent understanding; (3) reasoned judgement; and (4) self-determining decision. These actions open up ideas, truths and values, and the unbounded unfolding of spirit requires openness, questioning, honesty, and love or, in a word, authenticity. Thus spirit pertains to what transcends space and time.”

Dit handel dus hier oor die noodsaaklike selfbewustheid van die innerlike self, om jouself te verstaan. Oordele en besluite word geneem op grond van die mens se innerlike waardes waarvoor hy/sy staan, asook

eerbaarheid en liefde vir ander. Dit maak die mens verantwoordelik vir sy/haar besluite.

➤ Greenleaf: Diensbaarheid

Diensbaarheid teenoor die mens se medemens en omgewing word deurgaans beklemtoon. Greenleaf (in Spears,1998:195) skryf die volgende oor die geestelike dimensie: “The spirit represents the drive behind the urge to serve, the force that makes one into an active role servant. As the driving force behind the urge to serve, ... spirit may be a profound manifestation of the deep good and strength in a person, and a primary ingredient that makes a civilized society possible”. As geestelike wese behoort die mens dus ander sowel as sy omgewing te dien.

➤ De Villiers: Eienskappe van die geestelike mens

Volgens De Villiers (1997: 186-189) kan die eienskappe van die geestelike mens soos volg opgesom word.

- ‘n spirituele visie met insig;
- beoefening van wilsvryheid;
- aanvaarding van verantwoordelikheid;
- voordurende beoefen van liefde, geloof en visie;
- ervaring van die lewe as betekenisvol;
- vervulling van spesifieke take en missie; en
- ‘n geloof in paradoksresultate.

2.2.3 Die geestelike dimensie in perspektief

Vanuit die woord- en konsepsionalise kan die volgende afleidings gemaak word, ten einde die geestelike dimensie in perspektief te stel:

- Die geestelike dimensie verwys na ervarings wat nie deur die menslike rede verstaan en verklaar kan word nie (Meyer, et al., 1988:80)
- Die geestelike dimensie is die onstoflike deel van die mens. Hierdie onstoflike deel is wie ons werklik is. Volgens Robbins (1991:431) beskou die mens hom/haarself eerder as 'n geestelike in plaas van 'n fisiese wese: dus die onstoflike wat beklee is met 'n liggaam.
- Hierdie dimensie handel oor die ontdekking van die mens self. Die ware innerlike self word ontdek. Volgens Frankl (1975:90) is daar 'n gaping tussen wie die mens is en wat hy/sy nog behoort te word. Die ware innerlike self, "wie moet ek wees", is geleë in die geestelike dimensie van die mens. 'n Ware persoonlike identiteit behoort dus gevind te word.
- Die ontdekking van wat die mens se lewe sinvol maak, hou verband met die ontdekking van die ware innerlike self. Volgens De Villiers (1997:21) kan die betekenis of sin van die lewe deur introspeksie in die geestelike dimensie gevind word. Deur selfondersoek kan 'n mens te wete kom wat tot 'n sinvolle lewe sal lei; dus 'n lewe wat om innerlike waardes en 'n missie gebou word.
- Die mens beskik ook oor wilsvryheid. Elke mens staan gedurig voor keuses wat deur wilsvryheid uitgeoefen kan word. Die mens kan self besluit om invloede wat op hom/haar inwerk, teen te gaan (Meyer, et al., 1988:449/450).
- Dit handel oor die bewustheid dat sinvolheid ervaar kan word deur uit te reik na die wêreld: "Each has a free will that reaches out to the world ... with meanings to fulfil" (Humberger, 1995:26).

- Die geestelike dimensie is die bron van die mens se innerlike energie. Dit is daardeur dat die mens kontak met sy/haar godheid maak. Dit is vanuit die geestelike dimensie dat die mens in verhouding tot sy/haar godheid staan en kan ervaar hoe sy/haar godheid se geestelike krag voordurend in hom/haar werksaam is (De Villiers, 1997:57).

Die geestelike dimensie handel eerstens oor wie die mens werklik is, sodat deur die verkenning van die innerlike self bepaal kan word wat waarlik sinvol is, wat die mens se waardes en missie is. Tweedens word klem gelê op wilsvryheid om verantwoordelike keuses te kan uitoefen. Laastens handel die geestelike dimensie ook oor die kontakpunt van die mens met die goddelikheid as bron van krag en inspraak in die lewe.

2.2.4 Die verskil tussen die geestelike dimensie en ander lewensdimensies



Jung (in Meyer, et al., 1988:80) verwys na 'n fisiologiese, sosiale, psigiese en geestelike dimensie van menswees. Op sy beurt verwys Covey (1992:294) na die verstandelike dimensie wat ook deel vorm van mens wees. Elke dimensie wat van die geestelike dimensie verskil, word vervolgens bespreek word, sodat die verskil tussen die sodanige dimensies teenoor die geestelike dimensie duidelik begryp kan word.

➤ Fisiologiese dimensie

Die fisiologiese dimensie sluit alle fisiologiese prosesse en dryfvere, soos onder andere asemhaling, honger, dors en seks in. Dit hou verband met alles wat nodig is vir die liggaamlike voortbestaan van die mens (Meyer, et al.,

1988:80). Die mens voer 'n liggaamlike bestaan deurdat dat hy/sy 'n lewende mens met 'n liggaam is. Die liggaam vorm die instrument van sy/haar handeling en het sekere biologiese eienskappe en behoeftes (Meyer, et al., 1988:7). Die mens se liggaam behoort volgens Möller (1991:261) as deel van die totale menswees gesien te word. Die liggaam is dus nie slegs 'n tydelike omhulsel wat inperk en waarvan ontslae moet geraak word nie. Dit is kosbaar en behoort versorg en opgepas te word.

➤ Sosiale dimensie

Die sosiale dimensie behels die omgang met die medemens. Om vervulling in hierdie dimensie te beleef, behoort mense mekaar op 'n betekenisvolle wyse te dien (Covey, 1992:297-299).

➤ Verstandelike dimensie

Die verstandelike dimensie is belangrik, aangesien dit volgens Covey (1992:294-297) oor die verstandelike vermoëns van die mens handel. Om vervulling in hierdie dimensie te beleef, behoort dit ontwikkel te word deur onderandere te lees, te beplan, talente te ontwikkel en nuwe vermoëns aan te leer.

➤ Psigiese dimensie

Die psigiese dimensie verwys na al die bewussynsprosesse wat met die rede verstaan en verklaar kan word en wat die mens in staat stel om by die werklikheid aan te pas (Meyer, et al., 1988:80). Die mens se belewenis en rede tot gedrag lê in sy/haar psige opgesluit (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1988:290). Die verwantskap tussen die gees en die psige of siel lê daarin dat albei onderskei kan word van die (materiële) liggaam. Die psige

het betrekking op belewenisse en gedrag soos onder andere gevoel, emosies en behoeftes (Plug, et al.,1988:113). Vier funksies van die psige, naamlik denke, gevoel, waarneming en intuïsie word deur Jung (in Meyer,et al., 1988:92) onderskei. Die fokus is psigoterapie sal dus wees om die mens te ondersteun in die hantering of verandering van sy/haar gevoel of emosies, kognitiewe denke, houding en gewoontes (Mecca, Smelser & Vasconcellos, 1989:48).

Die verskil tussen die gees en die psige kan soos volg saamgevat word: Die psigiese dimensie word gekenmerk deur sekere behoeftes en eienskappe wat nie bloot liggaamlik is nie. Die mens kan deur sy/haar behoeftes, gewoontes, emosies, gevoelens en neigings van sy/haar psigiese dimensie bewus word. Hy/sy kan dus waarneem en ervaar deur die psigiese dimensie. Die geestelike dimensie van die mens gee aan hom/haar die vermoë om deur self introspeksie sy/haar eienskappe, waardes en toekomsdoelstellings te ontdek wat by sy/haar oordele en besluite in aanmerking geneem kan word. Hierdeur kan hy/sy dus bepaal wie die werklike innerlike ek is en wat die lewe sinvol maak. Deur wilsvryheid, wat in die geestelike dimensie gesetel is, het hy/sy die vermoë om verantwoordelike keuses uit te oefen. Die geestelike dimensie is die kontakpunt van die mens met die goddelikheid as bron van krag en inspraak in die lewe en verwys na ervarings wat nie deur die menslike rede verstaan en verklaar kan word nie.

2.2.5 Die verskil tussen 'n geestelike en fisieke mens

Deur duidelikheid te hê oor die verskille tussen 'n geestelike en 'n fisieke mens kan tot groter insig gekom word oor wat die geestelike dimensie behels.

Die mens wat besef dat hy/sy 'n geestelike wese is, is bewus daarvan dat hy/sy oor 'n fisieke sowel as 'n geestelike dimensie beskik. Terwyl die mens wat nie klem op die geestelike dimensie lê nie, slegs op die fisieke dimensie fokus (Dyer, 1992:40). Die fisieke mens is iemand wat nie besef dat hy/sy 'n geestelike wese is nie en wat dus sy/haar geestelike kragte ignoreer. Die geestelike mens is iemand wat bewus is van sy/haar geestelike behoeftes en wat daarop ingestel is om dit te bevredig, veral om sy/haar betekenis as mens te vervul (De Villiers, 1997:40).

Die fisieke mens beskou slegs iets as die realiteit, indien hy/sy dit sintuiglik kan beleef. Hy/sy moet dit kan voel, sien, ruik, proe of hoor. Die “geestelike mens” het ruimte om gebeure as die realiteit te ervaar al val dit buite sy/haar vyf sintuie (Dyer 1992:41). Intuisie en gebeure word nie slegs as toeval beskou nie. Die mens wat ruimte vir die geestelike dimensie het sal toeval anders beskou en beleef as die fisieke mens. Dyer (1992:55) is van mening dat wonderwerke deur die fisieke mens as toeval beskou word. Die geestelike mens beskou gebeure soos wonderwerke as deel van sy/haar godheid se kragtige inbeweging. Daarom besef die geestelike mens dat hy/sy deur geloof in sy/haar godheid tot wonderwerke in sy/haar lewe kan bydra. Volgens Redfield (1995:8&9) sal die mens indien sy/haar lewe in oënskou neem, ontdek dat dit meer behels as wat hy/sy aanvaar. Deur

lewensgebeure vind inspraak van die mens se godheid plaas. Die mens se lewe het 'n doel en die geestelike mens soek in alle gebeure rede.

Die geestelike mens beskou intuïsie nie slegs as 'n gedagte soos die fisieke mens nie, maar as 'n inspraak van leiding. Myss (1997:178-179) verwys daarna dat die geestelike mens intuïsie ingestel behoort te wees. Hy/sy sal sodoende in oomblikke van besluitneming leiding ontvang.

Die fisieke mens se lewe draai om hom/haarself. Hy/sy is slegs vir hom/haarself verantwoordelik. Sy/haar krag is in die eksterne, die krag van wette, die vermoëns van sy/haar besigheid of posisie gesetel. Dyer (1992:42-45) meld dat die geestelike mens nie slegs vir hom/haarself leef nie, maar dat die doel is om hom/haarself te versterk, sodat hy/sy ander mense kan help en versterk. Deur uit te reik na ander kan hy/sy die vervulling van sy/haar godheid in lewens sien gestalte vind. In die fisieke mens se verhouding met andere is dit nie vir hom/haar belangrik om in vrede met ander te leef nie. Vir die geestelike mens is dit belangrik om in liefde en harmonie met hom/haar self en ander te lewe. Selfvergifnis en om ander te vergeef, is vir die geestelike mens baie belangrik (Myss, 1997:88).

Die fisieke mens word deur prestasie gemotiveer. Om goeie punte te behaal of byvoorbeeld beter werksgeleenthede te bekom, word sy/haar motivering tot optrede bepaal. Dyer (1992:47) verwys daarna dat die geestelike mens deur sy/haar lewensdoel gemotiveer word. Hierdeur sal sy/haar betekenis op aarde vervul word.

Vir die geestelike mens is die verhouding met sy/haar godheid baie belangrik (De Villiers, 1992:57). Om in 'n verhouding met sy/haar godheid te staan, word die mens in kontak met sy/haar godheid gebring wat hom/haar op die lewenspad begelei. Meditasie en gebed is vir die geestelike mens 'n wyse om in kontak met sy/haar godheid te kom. Die fisieke mens glo aan die bestaan van 'n godheid, maar sien hulleself nie in kontak daarmee nie. Die godheid staan eenkant en sal die mens eendag vir sy/haar optrede verantwoordelik hou (Dyer, 1992:42).

Die geestelike mens het 'n wyer ingesteldheid teen oor die lewe en aanvaar gebeure as die realiteit en as inspraak in sy/haar lewe, al vind dit buite die grense van die fisieke dimensie plaas.

2.2 DIE WARE INNERLIKE SELF

Die mens is 'n geestelike wese wat menslike ervarings beleef terwyl volgens Chopra (1994:97) die ware self die geestelike dimensie is. Dit waaraan gedink word, word meestal gebou om die sigbare realiteit en is dan ook wat die mens oor die algemeen dink hy/sy is. Die mens is dus nie 'n liggaam wat 'n gees bevat nie, maar 'n gees wat in 'n liggaam woon en 'n siel besit (Firman & Gila, 1997:66). Die gees van die mens kan beskou word as 'n belewenis van die ware innerlike self. Deur die gees te ondersoek, word kennis van die innerlike self dus verkry (Helminiak, 1996:57).

Die geestelike dimensie kan verder beskou word as die kern van die mens se lewe (Leslie, 1965:31; Covey, 1992:292). Aangesien die geval is, is Dyer (1992:33) van mening dat 'n fokusverandering behoort plaas te vind. Die mens is nie 'n fisieke wese wat geestelike ervarings beleef nie, maar 'n

geestelike wese met fisieke belewenisse. Die geestelike ervarings manifesteer slegs in mens se fisieke dimensie. Daarom kan (soos uit die woordanalise afgelei) die gees beskou word as die ware lewe van die mens. Möller (1991:262) vertolk die gees van die mens as 'n aanduiding daarvan dat die mens 'n lewende wese is. Dit dui op die innerlike en nie-stoflike dimensie, die lewe van die mens, waarhede waarvoor hy/sy staan. Indien die gees dan die ware lewe is, behoort die geestelike dimensie te omvat wie die mens is en die dimensie te wees waar selfontdekkinge gemaak kan word.

Volgens Frankl (1980:45) se logoterapie word konsekwent gepoog om tot die menslikheid, die innerlike in die mens, deur te dring. Die mens kan hom/haarself distansieer van omstandighede deur na die sin van die lewe te vra. Die doel van logo-terapie is dus om die geestelike dimensie van die menslike bestaan binne te dring en om hom/haar bewus te maak van dit waarna hy/sy in sy/haar diepte en kern van sy/haar bestaan verlang (Frankl, 1975:89).

Die "logos" verwys juis na die redelike, sinvolle, sowel as geestelike kern van die mens. Dit is daarop gemik om die mens te help om sy/haar betekenis te vind en te laat realiseer (Frankl, 1975:87). Die mens het dus 'n onsigbare geestelike kern wat as sy/haar innerlike mens beskou kan word. Dit is hierdie innerlike self wat Frankl erken het toe die logo-terapie deur hom ontwikkel as terapie om die geestelike dimensie van die mens te ondersoek. Deur die geestelike dimensie te beskou as die innerlike self waar die mens se innerlike dimensies gesetel is, en wat deur 'n diepe introspeksie ontdek kan word, sal antwoorde verkry word op onder andere die volgende vrae:

- Wat lei tot sinvolheid?
- Wat is innerlike waardes?
- Wat is 'n spesifieke, missie, doel en visie?

Deur die geestelike dimensie te ondersoek, word dus ontdek wie of wat die innerlike self is, en word die belang van die innerlike self vir die mens beklemtoon.

2.3.1 Sin as komponent van die geestelike dimensie

Dat 'n mens se basiese fisieke behoeftes bevredig word, dat hy/sy gesondheid geniet en sukses in die lewe behaal, is geen waarborg vir 'n sinvolle bestaan nie. Blanchard en O'Connor (1997:17) haal in hierdie verband die woorde van Jack Cunningham aan: "In all my travels I've found a number of people who appear outwardly successful but who are actually inwardly unhappy and unfulfilled."

Een van die mens se geestelike behoeftes is om sinvolheid te beleef. Die mens behoort dus te ontdek wat gedoen kan word om 'n sinvolle lewe te lei (De Villiers, 1997:96). Die behoefte na sin is een van die mens se mees basiese behoeftes (Frankl, 1980:17). Dit is egter belangrik om in hierdie verband op verskille van mens tot mens te let. Daar bestaan nie 'n universele sin in die lewe nie. Elke mens het unieke behoeftes wat vervul behoort te word ten einde sin in die mens te bewerk (Frankl, 1969:55). Die behoefte aan sin, is een van die tipiese kenmerke van die geestelike dimensie van die mens.

Dit wat aanleiding gee tot die vervulling van die behoefte aan sin, is ook reeds in die geestelike dimensie gesetel. Die rede tot sin, behoort dus ook ontdek te word en nie geskep te word nie (Meyer, et al., 1988:452). Die mens behoort nie te soek na 'n abstrakte sin in die lewe nie (Frankl, 1985:131). Elkeen behoort volgens sy/haar eie spesifieke opdragte en missie in die lewe te soek, wat uitgevoer behoort te word ten einde vervulling te beleef.

Wat vorm dan verder deel van die onsigbare lewegewende geestelike behoefte, wat ook die behoefte aan sin sal bevredig? Ten einde hierdie vraag te beantwoord, sal verdere komponente, soos waardes en beginsels, as ook die mens se lewensmissie en hoër missie vervolgens in oënskou geneem word.

2.3.2 Waardes en beginsels as komponente van die geestelike dimensie

2.3.2.1 Persoonlike waardes

Persoonlike waardes is volgens Robbins (1986:344) die mens se eie private individuele wete oor dit wat vir hom/haar belangrik is. Dit is vanuit die mens se waardes dat hy/sy weet wat reg of verkeerd, goed of sleg is. Waardes vorm deel van die mens se diepste behoeftes.

Waardes kan volgens Robbins (1991:348) in twee kategorieë ingedeel word. Eerstens handel dit oor algemene waardes wat vir die mens betekenis het en belangrik is. Hierby word aspekte soos familie, motor en geld ingesluit. Die tweede katogorie waardes word beskou as die werklike waardes. Die vraag

wat hier gevra kan word, is: “Waarom is dit wat vir my belangrik is, waardevol?” Die rede waarom ‘n huis vir iemand waardevol is, kan wees as gevolg van die grondwaarde van sekuriteit. Die mens se grondwaardes is nie oppervlakkige waardes nie, maar is gesetel in ‘n dieper dimensie van die mens.

Volgens Nair (1994:19/20) was waardes in die lewe vir Gandhi baie belangrik. Die waardes het berus op sy religieuse beskouing, asook sy belewenis van sy god. Hieruit kan afgelei word dat hy vanuit die geestelike dimensie ontdek het wat die absolute waardes was waarvolgens hy geleef het. Die mens se innerlike waardes, dit wat hy/sy glo reg is en vir hom/haar prioriteit is, vorm deel sy/haar geestelike dimensie (Helminiak, 1996:19).

Waardes dui op dit wat vir die individu belangrik is, en op wat hy/sy behoort te doen ten einde sy/haar behoefte aan sin te vervul. So het Frankl dertien (13) individuele waardes geïdentifiseer waarvolgens hy sy lewe gelei het en wat hom vanuit sy innerlike self voortgedryf het. Elke mens het innerlike waardes in die kern (innerlike self) van sy/haar menswees (Smith, 1994:48).

2.3.2.2 Beginsels

Persoonlike waardes is ‘n kaart waarvolgens geleef word. Sodanige kaart kan egter onvolledig wees of kan die verkeerde inligting vir ‘n spesifieke mens bevat. Volgens Covey (1990:97) is alle mense se waardes nie altyd in lyn met die universele beginsels van die lewe nie. Die mens se lewe behoort dus eerder bepaal te word deur ‘n kompas wat “ware noord”

beginsels aandui, soos “natuurwette” in alle samelewings deur die mens as belangrike universele beginsels erken word.

Covey (1992:34/35) is van mening dat “ware noord” beginsels deel vorm van die kern of innerlike self van die mens. “Ware noord” beginsels wat ontdek behoort te word, sluit onder andere in:

- regverdigheid;
- integriteit;
- eerlikheid;
- diensbaarheid;
- uitnemendheid;
- liefde;
- moraliteit.

Bogenoemde is permanente waardes wat in die geestelike dimensie ingegraveer is. Die mens moet hom/haarself vanuit hierdie beginsels voortdryf. Sy/haar verbintenis tot die beginsels vorm deel van die geestelike dimensie (Covey, 1997:278).

2.3.3 Missie-georiënteerde doelwitte

Elke mens behoort ‘n rede te hê waarom hy/sy lewe, met ander woorde, hy/sy behoort sekere take uit te voer. Die take kan in twee tipes verdeel word: eerstens handel dit oor die mens se hoër missie vir die lewe en tweedens die mens lewensmissie (Secretan, 1997, 108). Elkeen van hierdie missies sal vervolgens kortliks bespreek word.

2.3.3.1 Die mens se lewensmissie

Elke mens het spesifieke take wat om op aarde te vervul. Die mens se ontdekking van sy/haar lewenstake vorm deel van sy/haar geestelike dimensie. Die mens beskik oor die geestelike krag om sy/haar take te ontdek (De Villiers, 1997:150/151).

Die geestelike behoefte aan sinvolheid word deur Leslie (1965:37) met die mens se spesifieke take in verband gebring. Deur hierdie take uit te voer, sal vervulling beleef word. Die vraag wat gevra behoort te word, is: “Wat is my lewensmissie?” Missie-georiënteerde doelwitte wat om hierdie vraag gebou word behoort vanuit die innerlike self ontdek en beoefen word (Andreas & Faulkner, 1996:110/111). Die mens behoort te luister na, en te reageer op sy/haar innerlike stem in die geestelike dimensie wat hom/haar na die lewenstake begelei (Spears, 1998: 261).

Om 'n toekomsvisie daar te stel, is dit nodig dat die mens met sy/haar geestelike dimensie in kontak kom: “If you participated seriously in this visualization experience, you touched for a moment some of your deep, fundamental values. You established brief contact with that inner guidance system at the heart of your circle of influence.” (Covey, 1992:97). Die mens sal vanuit sy/haar innerlike waardes en beginsels leiding kry oor sy/haar taak, missie en doelwitte vir die toekoms en sal dus sy/haar toekomsvisie kan bepaal.

2.2.3.2 Die mens se hoër missie

Dit handel hier oor die mens se nalatenskap van hom/haarself aan ander mense en die omgewing: “The need to leave a legacy is our spiritual need to

have a sense of meaning, purpose, personal congruence and contribution” (Covey, 1994:45). Die feit dat die mens se lewensmissie ‘n hoër missie dien, word hierdeur beklemtoon.

Die mens se lewensmissie behoort nie slegs op hom/haarself en sy/haar behoeftes gefokus te wees nie, maar op ‘n hoër missie. Sy/haar lewe behoort ‘n verbintenis te wees om ander mense en die aarde te dien. Deur moeite te doen om liefde, waarheid en eerlikheid in die wêreld uit te leef, is die mens besig om te dien (Secretan:1997:109; Chopra, 1994:99). Die geestelike mens behoort gereeld die vraag te vra: “Hoe kan ek ander help met wie ek in aanraking kom?”

Die mens se fokus behoort te wees dat take wat hy/sy vervul buite hom/haarself geleë is. Sy/haar eie belange fisiese en psigiese behoeftes behoort nie die fokuspunt te wees nie. Die klem behoort op geestelike behoeftes te lê, naamlik om vir ander mense en die wêreld iets te beteken. Sodoende word sin in die lewe beleef (De Villiers, 1997:151).

2.4 WILSVRYHEID

Die mens is nie slegs ‘n wese wat deur sy/haar drange, begeertes, sensasies en gevoelens in sekere rigtings voortgedryf word nie. Hy/sy beskik oor ‘n wil, ‘n innerlike vryheid en vermoë om te word wat hy/sy wil wees (Firman & Gila, 1997:59-61). Sodoende kan die mens bo sy/haar omstandighede uit styg. Hierdie wilskrag vorm deel van die geestelike dimensie.

Verskeie van die mens se optredes begin vanuit die menslike wil (Renna, 1996:21/22). Wilsvryheid beteken dat die mens vry kan wees om keuses in

die lewe uit te oefen. Keuses kan in verskillende omstandighede uitgeoefen word. Deur die regte keuses uit te oefen, kan betekenis of sin op aarde ervaar word (De Villiers, 1997:65).

Die mens het ook volgens Allport (in Meyer, et al., 1988:345) die vermoë om 'n vrye wilsbesluit te neem, wat daartoe lei dat hy/sy unieke eienskappe kan ontwikkel. Verder is die mens by uitstek 'n geesteswese; dus vry om sy/haar eie lewenskeuses uit te oefen en is nie slegs 'n produk van sy/haar erflikheid en omgewing nie. Die mens kies wat hy/sy wil wees en daarom kenmerk sy/haar keuses hom/haar (Meyer, et al., 1988:447).

Die geestelike vermoë van wilsvryheid vorm 'n krag wat die mens voortdryf. Deurdat die mens keuses kan uitoefen, aanvaar hy/sy verantwoordelikheid vir sy/haar eie lewe: "Human spiritual capacity expresses itself in awareness, insight, understanding, judgment, decision, and self-determination" (Helminiak, 1996:24). Die mens beskik ook oor die geestelike vermoë om bewus te word van 'n innerlike self, om oor hom/haarself te besin en om die innerlike self te begryp. Vanuit die geestelike dimensie kan oordele gevorm en besluite geneem word op grond van die mens se introspeksie.

Die geestelike vermoë om verantwoordelikheid te aanvaar, beteken dat die mens in beheer is en dat hy/sy die lewe kan rig om te doen wat goed en reg is. Op grond van wilsvryheid aanvaar hy/sy dus verantwoordelikheid vir en het hy/sy beheer oor alles wat hy/sy doen (De Villiers, 1997:65).

2.5 DIE GEESTELIKE DIMENSIE AS KONTAKPUNT MET DIE GODHEID AS BRON VAN KRAG EN INSPRAAK

Die geestelike dimensie kan beskou word as die kontak en verbintenis tussen die mens en sy/haar godheid. Volgens Dale (1991:26) is dit die dimensie wat op 'n "stem" in die mens reageer. Dit is vanuit hierdie area wat die mens nader aan sy/haar godheid kan beweeg en eenheid tussen sy/haar godheid en hom/haar kan bewerkstellig.

'n Geestelike mens behoort in kontak te kom met sy/haar godheid, om geestelike rigting te ontvang. Hy/sy beseft hy/sy is nie alleen nie, maar dat sy/haar godheid groter as hy/sy is (Dyer, 1992:41/42). Die mens is bewus van sy/haar godheid se innerlike stem wat in hom/haar praat en hom/haar lei. Daar word dus ruimte geskep vir gebed of meditasie waar die mens met sy/haar godheid kan kommunikeer en sy/haar godheid se stem kan hoor (Dyer, 1992:50). In die lig van die mens se taak wat hy/sy behoort uit te voer om lewensvervulling te bereik, meld Leslie (1965:36/37) dat die godheid 'n unieke taak vir elke mens het. Die mens behoort sy/haar godheid se taak en doel vir sy/haar lewe te ontdek en uit te leef. Deel van die mens se geestelike vermoëns is om met die bonatuurlike of goddelike in kontak te kom.

Vanuit die Christelike perspektief word geglo dat God se Gees in die mens teenwoordig is en beleef kan word (De Villiers, 1997:58). Die geestelike mens wat in 'n Oppergesag glo, glo ook in wonderwerke. Hy/sy glo dat alles nie net toevallig gebeur nie, maar dat sy/haar God bonatuurlike wonderwerke kan verrig (Dyer, 1992:55). Hieruit kan afgelei word dat geloof deel vorm van die mens se geestelike dimensie. In geloof kan die

mens sy/haar visie oor die toekoms vorm en die onsienlike as realiteit beleef.

Vir die christelike mens om sy/haar God as realiteit te beleef, beteken dat elkeen oor die vermoë beskik om met sy/haar God in verhouding te staan: “... reach for God, whatever form you feel God to be. ... Reach into the power, energy and spirit for support, solace and love. Relate to God... Chat, ask for things, listen for guidance, give suggestions. Give love. ... or just say “thanks”” (Roger en McWilliams, 1988:491).

2.6 BEVINDINGE

Uit die navorsingsgewens kan afgelei word dat die geestelike dimensie die ware lewegewende dimensie van die mens is. Dit kan in drie hoofafdelings verdeel word, naamlik: die innerlike self, wilsvryheid en die mens se religieuse verbintenis.



Die ware innerlike self word in die geestelike dimensie ontdek. Hierdie onstoflike dimensie is wie die mens werklik is. Dit omvat die mens se ware persoonlikheid en is ook die dimensie waar persoonlike groei plaasvind. Dit behels die volgende komponente:

- die behoefte aan sin;
- persoonlike waardes;
- “ware noord” waardes (beginsels);
- persoonlike missie; visie en taak; en
- hoërmissie: om die wêreld en mense te dien en ‘n nalatenskap na te laat.

Die mens se wilsvryheid en verantwoordelikheid vorm verder deel van die geestelike dimensie as die area waar keuses gemaak word.

Laastens val die klem op die mens se religieuse verbintenis as komponent van die geestelike dimensie. Vanuit die geestelike dimensie kan met die mens se oppergesag in verhouding gestaan word. Dit is binne die geestelike dimensie waar sy/haar godheid inspraak in sy/haar lewe het, waaruit krag ervaar word.

In hoofstuk drie word die belangrikheid van die geestelike dimensie eerstens onder die soek lig geplaas en tweedens word beginsels vir die ontwikkeling hierdie dimensie te ontwikkel weergegee voorgestel.



HOOFSTUK 3

DIE BELANGRIKHEID VAN EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEESTELIKE DIMENSIE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die belangrikheid van die geestelike dimensie vir 'n gebalanseerde lewe ondersoek. Daar sal gepoog word om aan te toon hoe die geestelike dimensie in die mens ontwikkel kan word, ten einde vervulling te beleef.

'n Fundamentele vraag oor die geestelike dimensie van die mens is of dit van soveel belang is dat, indien dit verwaarloos sou word, dit tot 'n ongebalanseerde lewe sou kon lei. In hierdie verband wys Covey (1994:302) op die belangrikheid daarvan om nie slegs aan een dimensie van die lewe, byvoorbeeld slegs die fisieke, geestelike, sosiale of verstandelike dimensie aandag te skenk nie. Daar behoort op al die dimensies klem gelê word.

Freud (in De Villiers, 1997:25) was van mening dat die mens geestesgesondheid kan beleef indien sy/haar fisieke behoeftes ten volle uitgeleef kan word. Mense word sodoende aangemoedig om eerder op die fisieke te konsentreer. In stede van 'n geestesgesonde lewe vol vrede en geluk, is stres, depressie, frustrasie en ongeluk egter die gevolg.

Die mens het 'n behoefte daaraan om sy/haar geestelike behoeftes te wil bevredig (De Villiers, 1997:28). Gebalanseerde lewe ontstaan egter vanuit

die innerlike van die mens; dus vanuit die geestelike dimensie (Spears, 1998:329). Aandag behoort dus geskenk te word aan die geestelike dimensie, of die innerlike self van die mens. Vanuit hierdie dimensie behoort uitgeklaar te word wat vir die mens van waarde is. Daar behoort ook bepaal te word of 'n gebalanseerde lewe as van voldoende belang geag word om tyd af te staan om die vier dimensies van die lewe te ontwikkel.

3.2 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE GEESTELIKE DIMENSIE

Die belangrikheid van die geestelike dimensie kan afgelei word uit die voordeel wat komponente van die geestelike dimensie vir die mens inhou soos sin, waardes, missie, wilsvryheid en die mens se religieuse verhouding.

Die belangrikheid van die geestelike dimensie blyk uit:

- sinvolheid, lewensgeluk, vrede en vervulling;
- 'n lewe volgens innerlike waardes wat sal bydra tot 'n sinvolle lewe, motivering en produktiwiteit;
- 'n missie wat bydra tot sinvolheid en wat lewenseffektiwiteit en geluk meebring om teenoor ander en die wêreld 'n opbouende bydrae te lewer; en
- goddelike inspraak wat vir die mens leiding en krag sal inhou.

3.2.1 Die belangrikheid van sin as deel van die innerlike self

Een van die komponente van die geestelike dimensie is die mens se primêre behoefte om sin in die lewe te ervaar. Die behoefte na voedsel, seksuele begeertes en die begeerte tot mag of status staan sekondêr teenoor die mens se basiese behoefte van die belewing van sin. Tog bly daar voortdurend een onbevredigde behoefte by ons: die behoefte aan sin in die lewe. Net die

gestel word wat nie in lyn is met persoonlike waardes nie, sal moontlik baie sukses behaal word, maar nie innerlike lewensgeluk ervaar word nie. Die mens sal hom/haar met baie aktiwiteite besig hou, maar nie werklik produktief wees nie (Smith, 1994:66/67).

3.2.1.2 Die belang van lewensmissie en selfverwesenlikingsmissie vir sin en lewensgeluk

Elke mens behoort die rede waarom hy/sy leef te ontdek, ten einde bewus te wees van sy/haar missie. Die konsep missie sluit lewensmissie en hoër missie in. Eersgenoemde behels 'n spesifieke taak of doel waarvolgens geleef word, terwyl laasgenoemde handel oor 'n nalatenskap, om as mens iets te beteken, om 'n bydrae tot ander of die omgewing te lewer.

- Lewensmissie

Om sin in die lewe te ervaar behoort die mens sy/haar unieke take en doel in die lewe te ontdek. Ten einde hierdie doel te bereik, behoort unieke talente gebruik te word om unieke behoeftes te vervul. Daar behoort dus harmonie tussen die mens se behoeftes, talente en doel te wees (Chopra, 1994:96).

Die mens het ook die innerlike begeerte om sy/haar geestelike behoeftes te vervul, om bo alles die rede van die lewe te ontdek en te laat realiseer (De Villiers, 1997:27). Deur hierdie behoefte te bevredig, sal die mens 'n effektiewe lewe begin leef, dus sy/haar betekenis vervul. Die werklike rede waarom geleef word, behoort ontdek en uitgeleef te word (De Villiers, 1997:29). Indien die mens met volgens sy lewensdoel lewe, sal lewensenergie beleef word en sal hy/sy aktief aan die lewe deelneem. Indien

vir 'n missie geleef word, het dit motiveringsenergie tot gevolg wat die mens elke dag voluit sal laat lewe (Roger & McWilliams, 1988:217).

As komponent van die geestelike dimensie is die lewensmissie verder van belang, aangesien dit geluk meebring. Hoe harder gesoek en gekonsentreer word om geluk te beleef, hoe meer word verhinder. As dit die mens se uitsluitlike doel is om geluk te beleef loop hy/sy dit maklik mis (Frankl, 1969:33). Die rede vir geluk behoort ontdek te word. Slegs die uitklaring van die mens se unieke behoeftes en sy/haar lewensmissie, wat tot 'n lewe van sin en betekenis behoort te lei, sal geluk meebring. Die mens is dus nie slegs op soek na geluk nie, maar na die grondrede daarvan. Indien dit gevind word, kom geluk vanself. Een van die belangrikste komponente van geluk is die vervulling van lewensin (Frankl, 1975:19).

o Hoër missie

'n Kwaliteit lewe is van binne na buite. Dit is om vir iets hoër as die mensself te leef en sodoende sinvolheid te beleef (Covey, 1994:58). Om 'n nalatenskap agter te laat, is om in elke area van die lewe, werk, kerk en vriendekring, maar veral in die familie te belê (Spears, 1998: xvi). Om 'n nalatenskap agter in ander mense agter te laat waardeur mense positief verander word, beklemtoon die belangrikheid daarvan om die geestelike dimensie te ontwikkel.

'n Abnormale lewe en geestesafwykings ontstaan waar swak en ondoeltreffende verhoudings aan die orde van die dag is. Die mens behoort uitreik na ander uit te reik en liefde teenoor ander te betoon. Sodoende word op ander, eerder as die mens self gefokus. Die beginsel van saai en maai

geld hier. Wanneer liefde betoon word, word liefde terug ontvang, maar wanneer gehaat word, word liefde ontnem. Indien die mens leef om in ander mense se lewens te belê, sal sy/haar eie lewe verryk word en betekenisvol wees (De Villiers, 1997:193-196).

Uit die Christelike geloof is die beste voorbeeld van iemand wat sy hoër missie uitgeleef het, Jesus Christus. Wat volgens Greenleaf (in Spears, 1998:26) een van die weinige geestelike leiers is wat sy lewe vir sy mense afgelê het. Sy nalatenskap leef nog in mense se harte. So 'n positiewe nalatenskap kan mense se lewens verander en kan 'n groter rede wees om voor te leef as om 'n positiewe bydrae tot iemand anders se lewe te maak. Die mens het 'n verantwoordelikheid om ander mense op te bou en te bemoedig. Om vir ander mense om te gee en positiewe beleggings in hulle lewens te maak, bring volgens Smith (1994:211/212) innerlike vrede.

Deur betrokke te raak by ander mense se omstandighede en vir hulle iets te doen, (soos byvoorbeeld om hulle te help, om hulle kwaliteit lewe te ontwikkel en te verbeter) bring in bykans alle mense 'n innerlike vervulling wat lei tot 'n sinvolle lewe (Dyer, 1981:335).

Lewensin buite die mense self in iets of iemand anders geleë, in 'n taak wat verrig behoort te word, of in 'n mens teenoor wie liefde betoon behoort te word. Hoe meer die mens hom/haarself oorgee aan hierdie buite- en bomslike sin, hoe meer kan die menslike in hom/haar tot vervulling kom. Volgens Frankl (1975:20-24) word die mens meer mens, deur self te vergeet en vir ander te leef.

3.2.2 Die belangrikheid van goddelike krag en inspraak

Die grootste openbaring vir die mens is dat sy/haar godheid in hom/haar teenwoordig is. Hierdie bewuswording van die mens se goddelike innerlike krag help hom/haar om op die energie wat sy/haar godheid vrystel, in sy/haar persoonlike lewe vrystel te fokus. Die wete dat sy/haar godheid se krag deur die hom/haar werk, bring moed, uithou vermoë en vasbeslotenheid mee om lewensituasies te kan hanteer (Spears, 1998:117).

Daar behoort duidelike onderskeid getref te word tussen eerstens die konsep dat die mens op sigself 'n godheid is en dus oor krag en energie beskik om persoonlike leiding vir sy/haar lewe te neem en tweedens die feit dat die mens se godheid as skepper in hom/haar as skepsel woon en sy/haar godheid die bron van krag is. Helminiak (1996:15) wys daarop dat die mens self nie 'n godheid is nie, maar deel van die skepping van sy/haar godheid is. Die mens se godheid het hom/haar geskep met 'n menslike natuur en gees. Hieruit kan afgelei word dat die mens se godheid die bron van energie en inspraak in sy/haar lewe is.

Die mens wat hom/haarself vir sy/haar godheid se inspraak in sy/haar lewe oopstel, lewe in harmonie met sy/haar skepper. Die mens se skepper sal aan hom/haar opdragte gee om te vervul en waardeur die mens innerlike seën en voordeel sal beleef. Deur sy/haar se godheid se inspraak sal die mens energie en geesdrif beleef om sy/haar opdragte uit te voer (Murphy, 1964:24). Die mens se lewensmissie, hoër missie en take word dus deur die harmonie tussen sy/haar godheid en gees bewerkstellig. Volgens Barna (1997:48) plaas sy/haar godheid die opdragte in die innerlike van die mens waar hy/sy dit dan behoort te ontdek.

3.3 DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEESTELIKE DIMENSIE

Die geestelike dimensie is van belang vir die mens om gebalanseerd te kan lewe. Dyer (1992:80-82) verwys daarna dat die mens elke dag deur selfaksualisering vir hom/haar self daaraan behoort te herinner dat hy/sy 'n geestelike mens is, wat wonderwerke en leiding van sy/haar godheid kan verwag deur byvoorbeeld intuïsie en omstandighede. Dyer (1992:83-85) is van mening dat die mens op sy/haar intuïsie behoort te reageer en dit nie behoort af te maak as slegs 'n gedagte nie. Deur selfaksualisering behoort die mens hom/haarself bewus te maak van die innerlike krag waarvoor hy/sy beskik om byna alles in die lewe te kan bereik. Die mens behoort net te glo dat hy/sy kan bereik wat hy/sy visualiseer.

Daar behoort tyd in geruim te word om die geestelike dimensie te ontwikkel. In hierdie verband word die belangrikste komponent van die ontwikkeling van die geestelike dimensie, naamlik die krag van stilte in die mens se lewe, vervolgens kortliks toegelig.

3.3.1 Koop die tyd uit vir die ontwikkeling van die geestelike dimensie

Tydsbestuur word deur Covey (1992:149-160) in vier kwadrante, (soos aangedui dit figuur 1.1 aangedui) verdeel.

	Dringend	Nie dringend nie
Belangrik	1	2
Nie belangrik nie	3	4

Figuur 1.1: DIE VIER KWADRANTE VAN TYDSBENUTTING

Volgens die figuur blyk dit dat 'n mens se lewe in vier kwadrante van tyd ingedeel kan word. Kwadrant 1 handel oor belangrike en dringende aspekte van die lewe, soos krisissituasies, vergaderings en opdragte wat tydsgebonde is. Kwadrant drie behels aktiwiteite wat minder belangrik is, maar tog dringend, soos sommige telefoonoproepe, briewe, werksfunksies of populêre aktiwiteite. Kwadrant vier verwys na aktiwiteite wat nie belangrik of dringend is nie, soos om televisie te kyk. Kwadrant twee se aktiwiteite is nie dringend is nie, maar wel belangrik, soos om te oefen of verhoudings te bou. Kwadrant twee aktiwiteite word dikwels afgeskeep.

Die ontwikkeling van die geestelike dimensie val in kwadrant twee. Dit is belangrik om te ontwikkel, maar aangesien dit normaalweg nie as dringend beskou word nie, word dit agterweë gelaat (Covey, 1992:294). Die mens behoort die tyd uit te koop om sy/haar geestelike dimensie te ontwikkel. Tyd behoort afgestaan te word om in gebed en meditasie stil te word, om inspirerende leesstof te lees, en vir die mens om hom/haar gereeld aan sy/haar waardes te herverbind (Covey, 1997:278).

Die mens behoort die tyd uit te koop om ander te dien en om verhoudings met ander te bevorder.. Redfield (1995:209) verwys daarna dat die mens ander behoort te help om hulle doel te bereik. Ouers behoort daarop te fokus om hulle kinders te help ontwikkel, sodat hulle toegerus is vir die lewe en selfversekerd kan wees (Redfield, 1995:226). Harmonie, liefde, om te gee, eerlikheid, vrede en vergifnis is optredes wat gekweek behoort te word. Daar behoort gestreef te word na die uitloop van tyd om in goeie verhoudings tot ander te leef. Dyer (1992:102-106) is van mening dat die mens 'n

verhouding van liefde, vrede, eerlikheid en omgee behoort te visualiseer en dit as prioriteit behoort te stel.

3.3.2 Die krag van stilte

Daar behoort tyd ingeruim te word om stil te wees, waar die mens hom/haarself kan losmaak van bekommernisse oor sy/haar liggaam, soos spanning en stres. In stilte behoort die mens hom/haarself los te maak van die fisieke bestaan en leer om te “net te wees”.

Volgens De Villiers (1997:75) sal die mens ervaar wie hy/sy werklik is en behoort te wees deur tyd vir stil wees in te ruim. Hy/sy sal bewus raak van sy/haar werklike potensiaal en die goddelike kragte wat sy/haar lewe beheer. Deur werklik stil te raak, ontdek die mens sy/haar geestelike vermoëns.

Meditasie handel daarvoor om tyd af te staan om stil te word. Alhoewel verskillende maniere van meditasie bestaan, val die klem in hierdie studie op stil raak van die mens om sy/haar innerlike self te ontdek. Volgens Dyer (1992:119) word die innerlike sodoende deur introspeksie ontdek en in kontak met die mens se godheid gekom.

Gebed en meditasie het volgens De Villiers (1997:78-80) baie in gemeen. Die mens wat elke dag ‘n plek van stilte vir gebed inruim, beoefen reeds meditasie. Gebed beteken dat die mens in kontak met sy/haar godheid kom en bestaan daaruit dat:

- die mens met sy/haar se godheid praat. Die mens kan sy/haar geestelike vermoëns beoefen beoefen, byvoorbeeld in gebed sy/haar liefde teenoor sy/haar godheid, hom/haarself en ander te betuig, sodoende word die

saad van diensbaarheid geplant. Dit is deur gebed dat geloof beoefen word en oor die toekoms gevisualiseer kan word.

- die mens na sy/haar godheid se inspraak in sy/haar lewe luister.
- die mens krag kry om wilskrag toe te pas. Hy/sy kan dan besluit dat lewensomstandighede hom/haar nie sal onderkry nie en beheer oor die lewe neem.

Kaisch (1994: 24/25) meld dat die ware innerlike self, wat deur sy/haar godheid geskep is, in elke mens se kern van die lewe opgesluit lê. Daar is egter 'n kontras tussen wat sy/haar godheid wil hê die mens moet doen en sy/haar werklike optrede. Deur 'n indiepte ondersoek, wat as meditasie bekend staan, sal die mens sy/haar innerlike self of geestelike dimensie ontdek en ontwikkel. Hy/sy sal sodoende ontdek wat sy/haar goddelike missie vir die lewe inhoud. Dit sal verder lei tot die ontdekking van ware waardes en van wat aanleiding gee tot sinsbeleving.

Meditasie kan volgens Venter (1994:266) op drie (3) vlakke van die mens se lewe van waarde wees, naamlik:

1. Aktualisering van dieself met dieself – intrapersoonlike kommunikasie. Meditasie gee dus aanleiding tot selfinsig.
2. Aktualisering van dieself met ander mense – interpersoonlike kommunikasie. Meditasie is nuttig by die maksimalisering van empatie en effektiewe konflikhantering.
3. Aktualisering van dieself met allesinsluitende spirituele realiteit – transpersoonlike kommunikasie. Meditasie gee aanleiding tot insig in die betekenis van die lewe, gevoelens van vrede en kalmte, verdieping in godsdiensbeleving en geestelike groei.

Deur meditasie vind geestelike ontwikkeling plaas en die mens kom tot die ontdekking van wat sy/haar innerlike self is. In hierdie verband gebruik Muller (1998:31) die roos as simbool: “Die roos simboliseer die ontvouing van die geestelike groei, en die doolhof versinnebeeld die innerlike reis wat met meditasie onderneem word.”

Die mens kom ook deur meditasie in kontak met die lewegewende oppergees wat hom/haar krag gee en innerlike vrede en geluk laat ervaar. Hy/sy ontdek sy/haar lewensmissie en persoonlike waarde wat vir hom/haar rigting in die lewe aandui (Spears, 1998:121-123).

Uit bogenoemde kan afgelei word dat meditasie deel vorm van die mens se geestelike ontwikkeling. Deur stil te word en hom/haarself te ondersoek, sal die mens:

- selfinsig kry en die sin van die lewe ontdek;
- sy/haar lewensmissie ontdek;
- sy/haar hoër missie, om ander te dien, na vore laat kom;
- sy/haar innerlike waardes uitklaar.

Die mens sal verder deur meditasie met sy/haar skepper in kontak kom, krag en vrede beleef en in ‘n dieper verhouding tot sy/haar God staan. In Covey (1992:292) se woorde: “ I find renewal in daily prayerful meditation on the Scriptures because they represent my value system. As I read and meditate, I feel renewed, strengthened, centered and recommitted to serve.”

3.4 BEVINDINGE

Die geestelike dimensie is essensieel vir die mens wat gebalanseerd wil lewe. Die belangrikheid daarvan kan afgelei word uit die positiewe bydrae wat die komponente van die geestelike dimensie, soos sin, waardes, missie en die mens se religieuse verhouding, vir hom/haar inhou.

Opsommenderwys is die belangrikheid van die geestelike dimensie geleë daarin:

- om die rede waarom geleef word te ontdek. Wat die mens se doel is, waarom sy/haar godheid hom/haar geskape het, laat die mens sy/haar mees basiese behoefte ervaar, naamlik die behoefte na sin. Deur sin in die lewe te vind, beleef die mens innerlike geluk, vrede en lewensvervulling. Sin word ook bewerkstellig deur verskeie ander fasette van die geestelike dimensie, soos byvoorbeeld waarde en missie uitklaring.
- om volgens ware innerlike waardes te leef. Deur die dissonansie tussen die werklike lewe en die ideale lewe te vernou en volgens vaste waardes te leef, sal innerlike vrede en sin bewerkstellig word. Dit sal ook tot motivering en produktiwiteit lei.
- om lewensmissie en take te ontdek. Hierdeur word die mens se geestelike behoefte vervul. Lewenseffektiwiteit sal beleef en lewensenergie gekweek word om 'n missie uit te voer. Innerlike geluk sal ervaar word indien die grondrede van geluk ontdek en uitgeleef word.
- om 'n hoër missie uit te leef deur ander te dien, verteenwoordig die hoogste vorm van lewensbevrediging. Deur mense positief te beïnvloed met sy/haar nalatenskap, raak die mens se lewe sinvol. Die beginsel van saai en maai word 'n werklikheid en die oes van die uitleef van die mens

se hoër missie kan tot seën en lewensverryking lei. Deur 'n positiewe nalatenskap kan daar aan ander mense en die wêreld 'n opbouende bydrae gelewer word.

- om sy/haar godheid as bron van die lewe te erken en te ervaar, behels dat innerlike krag van die godheid ontvang word om lewensomstandighede te kan hanteer. Die mens se godheid is die bron van sy/haar geestelike krag en rigtinggewende inspraak.

Weens die belangrikheid van die geestelike dimensie, is dit nodig om tyd uit te koop om dit te ontwikkel. Die mens behoort hom/haar gereeld daaraan te herrinner dat hy/sy 'n geestelike mens is deur selfaktualisering. Hy/sy kan glo dat wonderwerke waaroor hy/sy visualiseer deel kan word van sy/haar lewe. Indien die mens se persepsie oor intuïsie verander, sal hy/sy meer bewus raak van die leiding van sy/haar godheid. Tyd behoort deur die mens afgestaan te word om in gebed en meditasie stil te word, om inspirerende leesstof te lees, en om hom/haar gereeld aan sy/haar waardes te herverbind. Die mens behoort die tyd uit te koop om verhoudings met ander mense te bevorder en om ander te dien. Die mens behoort 'n verhouding van liefde, vrede, eerlikheid en omgee te visualiseer en dit as prioriteit te stel.

Die kern van sodanige ontwikkeling word omvat in die krag van stilte. Meditasie is 'n sleutel om die innerlike self toeganklik te maak. Gebed en Woordbepeinsing word hierby ingesluit.

Deur stil te word en te mediteer

- kry die mens selfinsig;
- ontdek hy/sy die sin van die lewe, sy/haar missie en waardes; en

- word sy/haar godheid se krag en inspraak in sy/haar innerlike van die mens beleef.

Die geestelike dimensie blyk onontbeerlik te wees vir balans. Die mens kan oor rykdom, kennis, gesondheid beskik maar as hy/sy nie sin in die lewe beleef nie, en nie in 'n positiewe verhouding tot sy/haar godheid staan nie, kan hy/sy nie vervulling smaak nie. Geluk, innerlike vrede, krag, energie, 'n ware effektiewe lewe en lewensbevrediging kan alleenlik beleef word deur die geestelike dimensie te ontwikkel.



HOOFSTUK 4

INTEGRERING VAN DIE NAVORSING

4.1 SAMEVATTING

4.1.1 Navorsingsprobleem en doelstelling

Die navorsingsprobleem wat in hierdie studie in oënskou geneem is, is dat daar nie altyd duidelikheid en insig bestaan oor wat die geestelike dimensie behels nie. Die waarde en belangrikheid van die geestelike dimensie vir 'n gebalanseerde lewe word dikwels nie beseef nie en die mens weet nie altyd hoe om dit te ontwikkel nie. Ten einde hierdie navorsingsprobleem te ondersoek, was die oorkoepelende doelstelling om 'n duidelike begrip te vorm oor wat die geestelike dimensie van menswees behels. Die belangrikheid van die geestelike dimensie is uitgelig en riglyne vir die ontwikkeling daarvan voorgelê.

4.1.2 Metodologie

Vanuit 'n metodologiese oogpunt is 'n nomotetiese navorsingstrategie aangewend. In hoofstuk twee is derhalwe universele kenmerke van die geestelike dimensie omskryf. Daar is verder van 'n beskrywende navorsingstrategie gebruik gemaak, waardeur 'n beter begrip, insig en kennis van die geestelike dimensie gevorm kon word. Die navorsing is ook deur 'n hermeneutiese strategie gekenmerk. 'n Indiepte analise van die konsep geestelike dimensie is uitgevoer ten einde 'n vollediger begrip van die geestelike dimensie te kon vorm.

Deurgaans is daarna gestreef om op 'n noukeurige en sistematiese wyse 'n literatuurstudie oor die geestelike dimensie van die mens te onderneem. Bestaande teorieë en verskillende beskouinge oor die geestelike dimensie is derhalwe ondersoek.

4.1.3 Oorsig van die studie

Ten einde die probleemstelling en doel van die studie te deurskou, is met behulp van 'n woord- en konsepanalise 'n duidelike perspektief op die geestelike dimensie verskaf. Die volgende onderafdelings van die geestelike dimensie wat in hoofstuk twee onder die loep geneem is, het bygedra tot goeie begripsvorming in hierdie verband. Daar is tot die slotsom gekom dat:

- die ware innerlike self in die geestelike dimensie ontdek word. Deur introspeksie kan sin, waardes, beginsels, 'n lewensmissie en 'n hoër missie uitgeklaar word.
- die mens oor wilsvryheid beskik om verantwoordelike keuses te kan uitoefen.
- dit in die geestelike dimensie is waar tot 'n godheid as oppergesag in verhouding gestaan word.

Hoofstuk drie het uit twee onderafdelings bestaan, naamlik die belangrikheid van die geestelike dimensie en die ontwikkeling daarvan.

Die belangrikheid van die geestelike dimensie kan beskou word as:

- die mens se soeke na sin;
- die belangrikheid van die uitleef van die mens se waardes en missie; en

- die ervaring en erkenning van die mens se godheid as bron van sy/haar lewe.

Die ontwikkeling van die geestelike dimensie het verwys na die noodsaaklikheid daarvan om tyd af te staan aan inspirende leesstof, die herverbintenis tot “ware noord” beginsels en om in gebed en meditasie stil te raak.

4.2 BEVINDINGE

Die bevindinge wat direk met die spesifieke doelstellings van die studie verband hou, sal vervolgens met behulp van die volgende onderafdelings onder die soeklig geplaas word:

- wat met die geestelike dimensie bedoel word;
- die belangrikheid van die geestelike dimensie; en
- riglyne om die geestelike dimensie te ontwikkel.

4.2.1 Wat met die geestelike dimensie bedoel word

In hierdie studie is bevind dat die geestelike dimensie van die mens op die waarhede van menswees dui. In hoofstuk 2 (vergelyk paragraaf 2.3) is aangetoon dat die innerlike ek die kern van menswees is en dat dit deel vorm van die geestelike dimensie. Möller (1991:262) vertolk die gees van die mens as aanduiding daarvan dat hy/sy ‘n lewende wese is. Die geestelike dimensie van die mens verteenwoordig dus wie die mens werklik is (Helminiak, 1996:57). Dit kan in drie hoofafdelings ingedeel word, naamlik:

- die innerlike self;
- wilsvryheid; en

- die mens se religieuse verbintenis.

Deur die verkenning van die geestelike dimensie besluit die mens oor die vermoë om deur middel van introspeksie te ontdek watter dinge tot 'n sinvolle lewe behoort te lei. Die mens se waardes en beginsels en 'n missie vir sy/haar lewe is in die geestelike dimensie van die mens gegrond en gee aanleiding tot 'n sinvolle lewe.

Elke mens het unieke innerlike waardes in die kern (innerlike self) van sy/haar menswees (Smith, 1994:48), wat ontdek en uitgeleef behoort te word. "Ware noord" beginsels is universele waardes en is ingegraveer in die geestelike dimensie van die mens (Covey 1992:34/35).

Uit hoofstuk 2 (vergelyk paragraaf 3.3) kan afgelei word dat die mens oor 'n spesifieke missie beskik wat in sy/haar geestelike dimensie ontdek kan word. Die mens het eerstens 'n lewensmissie, spesifieke take waarvoor hy/sy op aarde geroepe is en wat deur sy/haar godheid bepaal is. Tweedens behels die mens se hoër missie om ander te dien en so 'n nalatenskap agter te laat.

'n Verdere komponent van die geestelike dimensie is die vermoë om wilsvryheid toe te pas. Die mens is op grond van sy/haar wilsvryheid by uitstek 'n geesteswese. Hy/sy is dus vry om sy/haar eie lewenskeuses uit te oefen en is nie slegs 'n produk van sy/haar erflikheid en omgewing nie. Hy/sy kies wat hy/sy wil wees en dus kenmerk die mens se keuses hom/haar (Meyer, et al., 1988:447). Deur die mens se wilskrag kan hy/sy verantwoordelike keuses uitoefen om sy/haar lewe pro-aktief te bestuur.

In hoofstuk 2 (vergelyk paragraaf 5) is bevind dat die geestelike dimensie die kontakpunt van die mens met sy/haar godheid as bron van krag en inspraak is (Dale, 1991:26). Om sy/haar godheid as realiteit te beleef, is vir die geestelike mens 'n werklikheid. Sy/haar godheid dui rigting aan en inspireer hom/haar.

4.2.2 Die belangrikheid van die geestelike dimensie

Daar is bevind dat die mens se basiese behoefte die behoefte na sin in die lewe is (vergelyk hoofstuk 3, paragraaf 2.1). Om sin in die lewe te vind, gee die mens 'n rede om voor te lewe (Leslie, 1965:47). Deur vervulling van hierdie behoefte word innerlike bevrediging ervaar. Volgens Frankl (in De Villiers, 1997:18) word geluk en vrede ervaar wanneer die mens sy/haar unieke betekenis ontdek, sodoende kan krisisse ook oorbrug word. Dit noodsaak dat die mens volgens sy/haar innerlike waardes en missie leef, ten einde sinvolheid te beleef.



Die mens leef oor die algemeen nie volgens sy/haar innerlike waardes nie. Daar bestaan dus 'n dissonansie tussen die mens se werklike lewe en sy/haar se innerlike waardes. Dit is belangrik dat hierdie dissonansie verklein en volgens innerlike waardes geleef word. Sodoende sal sin en lewensvervulling beleef word (Andreas & Faulkner, 1996:69). Rigtinggewinde waardes sal ook motivering en produktiwiteit tot gevolg hê.

Volgens De Villiers (1997:18) is daar niks anders wat meer geluk en vrede aan 'n mens kan verskaf en hom/haar meer tot die lewe kan inspireer nie, as die wete dat sy/haar lewe daarvoor bedoel is om unieke take op aarde te verrig nie. Hoofstuk 3 (vergelyk paragraaf 2.1) verwys daarna dat die mens

oor lewenseffektiewe energie beskik indien hy/sy 'n missie het om voor te leef (Roger & McWilliams, 1988:217). Die hoogste dimensie van innerlike vervulling kan beleef word as die mens 'n positiewe nalatenskap agterlaat, wat ander mense se lewens sal verander.

Die geestelike mens wat in harmonie met sy/haar godheid kom, ontvang inspraak en krag. Goddelike inspraak se geestelike dimensie word as energie en geesdrif beleef ten einde opdragte, soos die mens se missie uit te voer (Murphy, 1964:24).

4.2.3. Riglyne vir die ontwikkeling van die geestelike dimensie

In hoofstuk 3 word melding gemaak daarvan dat die tyd uitgekoop behoort te word om die geestelike dimensie van die mens te ontdek en te ontwikkel.

Weens die belangrikheid van die geestelike dimensie, is dit nodig om tyd uit te koop om dit te ontwikkel. Die mens behoort gereeld deur selfaktualisering hom/haar herrinner dat hy/sy 'n geestelike mens is. Hy/sy kan glo dat wonderwerke waaroor hy/sy visualiseer, kan deel word van sy/haar lewe. Indien die mens se persepsie oor intuïsie verander, sal hy/sy meer bewus raak van die leiding van sy/haar godheid. Tyd behoort deur die mens afgestaan te word om in gebed en meditasie stil te word, om inspirerende leesstof te lees, en om hom/haar gereeld aan sy/haar waardes te herverbind.

Die mens behoort die tyd uit te koop om ander te dien en om verhoudings met ander te bevorder. Die mens behoort 'n verhouding van liefde, vrede, eerlikheid en omgee te visualiseer en dit as prioriteit te stel.

Die mens behoort geleenthede te skep om stil te raak op die wyse wat hy/sy verkies, byvoorbeeld deur meditasie of gebed (Covey, 1997:278). Deur stil te raak en te mediteer

- kry die mens selfinsig;
- ontdek hy/sy die sin van die lewe, sy/haar missie en waardes; en
- beleef die mens sy/haar godheid se krag en inspraak in sy/haar innerlike.

4.2.4 Samevatting

Die navorsing toon dat dit vir die mens belangrik is om sy/haar geestelike dimensie te ontwikkel ten einde 'n gebalanseerde lewe te kan lei. Dit beklemtoon ook die belangrikheid van die mens se geestelike vermoëns vir persoonlike leierskapsontwikkeling.

Die studie toon dat die mens nie persoonlike leiding oor sy/haar lewe kan neem, voordat hy/sy tot die besef kom dat die ware kern van wie hy/sy is in sy/haar geestelike dimensie geleë is nie. Die mens kan nie sin beleef, waardes uitklaar, 'n missie bepaal, innerlike energie en goddelike inspraak beleef, sonder om die kern van sy/haar menswees deur byvoorbeeld gebed en meditasie te ontdek nie.

4.4 SLOT

Die mens beskik oor ongekende geestelike vermoëns om sy/haar ware innerlike self te ontdek. Die mens grootste ontdekking is daarin geleë dat hy/sy die rede vir sy/haar bestaan vind en dat hy/sy van sy/haar geestelike potensiaal gebruik kan maak om ander en die wêreld te dien, sodat sy/haar nalatenskap ander en sy/haar omgewing kan verryk.

Victor Frankl (in De Villiers, 1997:239) stel dit treffend in sy volgende woorde:

“Die mens vind sy identiteit in die mate wat hy homself verbind aan ‘n taak wat groter as hyself is”.



BIBLIOGRAFIE

- ANDREAS & FAULKNER, 1996: NLP The new technology of achievement. London: Nicholas Brealey Publishers.
- BARNA G, 1997: Leaders on leadership. California: Regal Books.
- BLANCHARD K & O'CONNOR M, 1997: Managing by values. San Francisco: Berret-Koehler Publishers.
- CARNEY TF, 1972: Content analysis. London: Batsford Ltd.
- CHOPRA D, 1994: The seven spiritual laws of success. New York: Amber Allen.
- COVEY SR, 1992: The seven habits of highly effective people. London: Simon & Schuster.
- COVEY SR, 1994: First things first. London: Simon & Schuster.
- COVEY SR, 1997: The seven habits of highly effective families. London: Simon & Schuster.
- CRONJÉ G, 1969: Mens-in-sosiale-verband. Pretoria: H & R Academica Bpk.
- DALE ES, 1991: Bringing heaven down to earth. New York: Peter Lang.
- DE VILLIERS HJ, 1997: Hoekom is ek hier? Kaapstad: Human en Rousseau, Bpk.
- DE WET JJ, DE K MONTEITH, STEYN HS & VENTER PA, 1981: Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban-Pretoria: Butterworth.
- DYER WW, 1981: The sky's the limit. Great Britian: Granada.
- DYER WW, 1992: Real magic. New York: Harper Paperbacks.
- ENGLISH J & T, 1997: Creative management in schools. England: Arena.
- FIRMAN J & GILA A, 1997: The primal wound. New York: State Univerity of New York Press.

- FRANKL VE, 1969: The wil to meaning. London. Redwood.
- FRANKL VE, 1975: Waarom lewe ek? Pretoria: Hollandshe Uitgewers Maatschappij.
- FRANKL VE, 1980: Sê ja vir die lewe. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers Beperk.
- FRANKL VE, 1985: Man's search for meaning. United States of America: State Washinton Square Press.
- KAISCH K, 1994: Finding God. United States of America: Paulist Press.
- HELMINIAK, 1996: The human core of spirituality. United States of America: State University of New York.
- HUMBERGER, 1995: Logotherapy and the globalization of industry. International Forum for Logotherapy, 18(1):23-27.
- LANDMAN WA, 1980: Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban–Pretoria: Butterworth.
- LESLIE RC, 1965: Jesus and logotherapy. Tennessee: Abingdon.
- MECCA AM, SMELSER NJ & VASCONCELLOS J, 1989: The social importance of selfesteem. Los Angeles: University of California Press.
- MEYER PJ, 1993: Effective personal leadership. Texas: Leadership Management International.
- MEYER WF, MOORE S & VILJOEN HG, 1988: Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
- MÖLLER FP, 1991: Woorde van lig en lewe deel 2.: Westdene: AGS Drukkers.
- MULLER P, 1998: Gemoedsrus ... maak meditasie maklik. Leeftyd, Junie, Julie 1998:30-34.
- MURPHY J, 1964: Miracle of mind dynamics. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

- MYSS C, 1997: Anatomy of the spirit. London: Bantam Books.
- NAIR K, 1994: A higher standard of leadership. San Fransisco: Berretkoehler.
- PLUG C, MEYER WF, LOUW DA & GOUWS LA, 1979: Psigologie-Woordeboek. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
- REDFIELD J & ANDRIENNA C, 1995: The celestine prophecy: an experiential guide. London: Bantam Books.
- RENNA R, 1996: Beyond role play, why reality therapy is so difficult in the real world. Journal of Reality Therapy, 15(2):18-29.
- ROBBINS A, 1986: Unlimited power. New York: Simon & Schuster.
- ROBBINS A, 1991: Awaken the giant within. New York: Simon & Schuster.
- ROGER J & McWILIAMS P, 1988: You can't afford the luxury of a negative thought. London: Harper Collins.
- SCHOONEES PC, SWANEPOEL CJ, DU TOIT SJ BOOYSEN CM, 1965: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perkor-uitgewers.
- SECRETAN LHK, 1997: Reclaiming higher ground. New York: Mcgraw-Hill.
- SMITH DPJ, 1990: Grondmotiewe, selfhandhawing en selfbeeld. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- SMITH DPJ, 1993: Navorsingsontwerp en metodes van navorsing. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- SMITH H W, 1994: The ten natural laws of successful time and life management. New York: Warner Books Inc.
- SPEARS LC, 1998: Insights on leadership. New York: John Wiley & Sons Inc.

VENTER HL, 1994: 'n Verkenning van intrapersoonlike en transpersoonlike kommunikasie gedurende meditasie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

KRIZINGER MSB, LABUSCHAGNE FJ & PIENAAR P de V, 1965: Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria: Van Schaik.

